

Pretoria- 27 Maart 2011

Skriflesing: Esegïel 24:15-27

Teks: **Esegïel 24:16**

Sing- Ps. 122:1,2; Ps. 80:1,3; Ps. 86:1,6; Ps. 77:2,6

Broeder en suster, ons staan vanoggend verslae oor wat ons hier gelees het. Wanneer iemand werklik oor die kerk van die Here ernstig is, ons is ernstig oor wat ons diens aan die Here alles mag insluit, ons besef hoe ernstig die amp en die vervulling van my amp vir die Here is, dan sal hierdie gedeelte uit Esegïel nie maar net aan ons klere gaan sit nie. Alles in Esegïel se lewe, selfs sy huwelik is aan die prediking van God se Woord ondergeskik. Vir Esegïel is hierdie deel van sy lewe 'n hoofstuk wat hy nooit sou kon vergeet nie. Dink jou dit in, want dit is wat die Here hier aan ons bekendmaak, dat die skielike dood van Esegïel se vrou as 'n teken vir die kerk van daardie tyd gesien moes word. En die tweede wat hiermee saamkom is dat Esegïel oor sy vrou se dood nie na buite mag huil nie. Ons kyk dan eerstens na Esegïel se skielike wewenaarskap. En in die tweede plek- Haar dood moet traanloos wees, en in die derde plek- traanloos moet hy uit haar dood 'n verkondiger wees.

Esegïel die wewenaar:

Wanneer 'n man na sy vrou kan verwys as die lus van sy oë, dan word daar eintlik van man en vrou mooi dinge gesê. Dit was oor hoe God in die huwelik van Esegïel ingekyk het. Sy vrou was vir hom nog die lus van sy oog. Hulle was werklik nog lief vir mekaar. As mens net vir 'n oomblik hierdie twee se lewe saam na mag kyk, dan was sy sekerlik vir hom tot groot hulp gewees. Onthou hulle is saam in die ballingskap weggevoer, al was daar so baie dinge teen hulle, dan het hulle darem nog vir mekaar gehad.

Esegïel die priester seun, maar hy wat nou profeet in 'n vreemde land moet wees. Om daar te moes bly is om soos in die gevangenis te wees, soos in 'n konsentrasiekamp. Jy is van jou plek en van jou mense verwyder, maar as jou vrou darem nog met jou saam kan wees, dan kan mens mekaar help, ja hier geld dit in besonder wat ons in Prediker 4:9-11 van lees- *Twee is beter as een...* dan gaan dit oor dinge wat Esegïel dag tot dag sou erken- *Twee is beter as een... want as hulle val kan die een sy maat optel, maar wee die een wat val sonder dat daar 'n tweede is om hom op te tel...*

Die Prediker sien in baie opsigte raak dat *twee beter is as een ...* en Esegïel sou met hierdie wysheid uit Prediker baie beslis wou saamstem, tot op die dag wat God besluit het hy maak twee wéér een! Nie omdat sy vrou maar 'n gewone siekte en gewone sterfbed tegemoet sou

Pretoria- 27 Maart 2011

gaan nie, maar in wat Esegïël sou besef sy sterf omdat God uit haar dood met sy kerk wil praat.

Op daardie bepaalde dag, ja daardie oggend sou Esegïël nog met sy volk kon praat, maar toe praat die Here ook. Ons lees in v.18 hoe hy nog in die môre met die mense kon spreek en die aand *het my vrou gesterwe...* Al was beide van hulle sekerlik nie meer so jonk nie, watter bitterlike slag sou dit nog steeds vir hierdie man moes wees. Dit wil lyk of dit 'n slag van beroerte kon wees wat haar daardie aand getref het.

In wat 'n gemeente in so 'n geval sou doen, kan ons ons mos maar net indink. Die feit dat haar man profeet is, die feit dat hy tot 'n besondere diens geroepe staan, sal in alle geval in die normale gang van sake nou eers so bietjie moet terugstaan. As 'n dominee so getref sou word kan daar eintlik nie eers veel geredeneer word dat hy geleentheid tot herstel moet ontvang nie. Daardie tyd van rou en seer waar dit nog op geen manier kon heel nie, sal almal verstaan dat hy 'n tyd lank nie kan werk nie, dat hy darem eers weer tot verhaal moet kom.

In die geval van Esegïël werk dit nie so nie. Vir hom word dit vooraf gesê dat sy vrou gaan sterwe en as dit dan gebeur dan word die dood van hierdie vrou juis tot die betekenis van die amp wat Esegïël moet bedien toegevoeg. Broeder en suster, sy sterf nie maar terwyl haar man in die amp staan nie, sy sterf juis omdat haar man in die amp gestaan het. God het hierdie vrou se dood nodig gehad, want deur haar dood wou God vir sy volk in hulle kerk- wees 'n duidelike boodskap bring.

Dit bring ons dan eintlik alreeds by wat ons in die tweede plek na wil kyk-

Haar dood moet traanloos wees-

Esegïël se dooie vrou moes 'n lewende preek word. 'n Preek waarin die hele Israel hulleself in moes raaksien. Daarom dat ons weereens besef sy sterf ter wille van hierdie preek. Haar dood is lewende verkondiging van God se Woord. As Esegïël nie 'n profeet was nie dan sou hierdie verskriklike ding nie op so manier gebeur nie. Hoe moeilik dit ook al vir die mens mag wees om dit te aanvaar, dat die Here met tye nie net die talente wat Hy vir ons gegee het tot sy diens sal gebruik nie, maar baie meer as dit. As die Here my huwelikslewe, my vrou, my alles, in sy diens wil stel dan kan God dit opeis. Met liggaam en siel, met vrou en

Pretoria- 27 Maart 2011

kinders, in alles wat ons is en het behoort ons aan die Here. Daar is niks in my en rondom my wat nie tot die beskikking van die verkondiging van God se Woord gestel kan word nie.

As Esegiël se vrou op slag sterwe dan moet Esegiël ter wille van die prediking van God se Woord selfs sy rouklag oor sy vrou wat vir hom dierbaar is prysgee. Hy as mens sou baie ander mense kon verwyd. Die sondige Israel waar dit alles by begin, as Israel nie so sondig was nie dan sou die Here nie my vrou as teken vir hulle wou opeis nie. So sou Esegiël verwyd na verwyd kon saamvoeg... Jerusalem die stad van die Here en die volk van die Here, hulle wat die lus van God se oë moes wees. Dit is hoe God na sy kinders wou kyk, as die lus van sy oë, as hulle vir wie Hy wat die Here is waarlik voor lief is, vir hierdie volk het die Here alles wou gee, want wat het Jerusalem gehad wat hulle nie van die Here ontvang het nie. Die stad waarvan daar in Ps. 122 gesing kon word- *Jerusalem is goed gebou en glinster in die son se vlamme-* ook vers 2 soos deur Totius berym- *en om Gods huis, my hoogste skat, soek ek vir jou die goeie, o stad, wat skoonste is van alle stede...*

Dit wat die Here goed en skoon gemaak het, die mens het dit anders gemaak. Jerusalem sou word na die voorbeeld van Esegiël se vrou. So skielik en plotseling haar dood was, sy wat eenvoudig moet sterwe, ter wille van alles wat nie reg is nie, so sou ook Jerusalem verwoes word. As mense se ore nie wil hoor nie, soos wat met Jerusalem se inwoners nou lankal reeds gebeur het, as mense hulle hoop op ander mense stel, op hulle koning en politieke bondgenote word daar alles verwag, dan word die dood van die domineesvrou 'n harde feit en deur die taal van feite kan mense hulle nie langer doof hou soos wat hulle maar nog heelyd dit probeer doen nie.

Deur die taal van harde feite kan die Here van sy dienaars harde dinge verwag. Hier sterf Esegiël se vrou, daar word Hosea die opdrag gegee om met 'n owerspelige vrou te gaan trou want in wat sy aan Hosea gaan doen, haar hoerery sou nie stop nie ... So sou Hosea se algeheel ongelukkige huwelik die toonbeeld moes word, hy wat willens en wetens in so 'n huwelik moes instap, wat in alles Israel moes laat raaksien soos wat die vrou van Hosea in haar huwelik met Hosea maak, so maak Israel teenoor God. En tog is dit nie asof God nie in sy liefde na ons kom nie. Hosea word vir so 'n slegte vrou op 'n besondere wyse tot liefde gestel, maar wat is die mens se antwoord op God se liefde, of wat is die mens se reaksie op God se liefde.

Pretoria- 27 Maart 2011

Is dit werklik liefde wat liefde wek. Of is ons beter as Hosea se vrou?! As ons rondom ons kyk, of dalk eerder as ons binne-ons inkyk, is ons nie eerder besig om die vrou van Hosea in haar sonde verby te steek nie. Daarom dat die Here die dood van Esegïël se vrou nodig kon kry om vir sy volk te wys met watter doodsondes hulle besig is. Dink ons nog ooit genoeg daaraan, besef ons werklik hoe ernstig dit vir God is as daar so teenoor Hom oortree word. Die hartverskeurende pyn wat daar in die Here kom, terwyl daar nie trane is wat die Here aan ons wys nie. Beteken dit omdat daar nie hardop gehuil word dit nie hartverskeurend is nie... broeder en suster, as u so dink dan moet u weer dink?!

Esegïël moes sy vrou se dood in stomme smart traanloos verkondig. Let wel nie dat hy haar dood maar net moet aanvaar nie, daar word van hom baie meer verwag, hy moes haar dood verkondig. Binne Esegïël sou dit baie seer wees, die Here het Esegïël ook nie verbied dat hy nie bedroef mag wees nie, dit sou hy wees, maar al wat hy mag gedoen het, was om in stilte te sug- V.17- *Sug in stilte; oor die dooies mag jy geen rou bedryf nie...* Hy mag wel bedroef wees, maar hy mag dit nie demonstreer nie. Sy innerlike smart moet hy alleen stil dra. Daar word nie van Esegïël die teennatuurlike verwag nie, maar hy word wel opgeroep tot die bonatuurlike. Sy eie vrou se dood wat hom sou roep tot die verkondiging van God se geregtigheid.

Broeder en suster, die verkondiging van God se geregtigheid sluit die boodskapper in. Verkondiger en verkondiging word één! Hoe dikwels het Esegïël se prediking al sy volle wese, sy volle menswees opgeëis. Eseg. 4 het dit al begin- Esegïël wat op sy verskillende sye vir baie dae moes lê, elke sy verteenwoordig 'n deel van Israel, elke dag se gelê wys op die jare van ballingskap wat daar sal wees, hoe stukkend en geskaaf sou dit wees, sy kos wat hy op mis moes gaarmaak, sy huis wat hy 'n gat in die muur moes slaan, (Eseg.5) sy eie hare wat hy moes afkap, moes weeg, moes brand, moes rondgooi, elke keer word daar in sy eie persoon 'n stuk van hom afgeëis en nou word eintlik die swaarste seker nog ooit van hom verwag. Jy wat vooruit jou vrou se dood weet, jy moet selfs haar dood adverteer, hy het die oggend haar aand se dood sou weet en meld, want in haar dood, gaan God in jou geloof dit laat gebeur wat mense tot inkeer moet bring.

Jy wat God se geregtigheid moet verkondig, sal jy dit nog wel in die geloof kan doen? Die geloof is al wat moet werk. So het Noag die diere in die ark moes inlei, so het Abraham maar

Pretoria- 27 Maart 2011

net moes glo hy die land sal beërwe, al het dit lank na hom eers gebeur, Israel moes glo dat hulle geloof Jerigo se mure kon breek en deur die geloof sny God Esegïël se vrou se asem af, soos wat Abraham 'n keer met 'n mes getoets is, of hy in die geloof sy seun se keel sal afsny en vir Abraham en sy seun was daar die ram, vir Esegïël en sy vrou was dit nie daar nie, maar ons moet verder kyk, broeder en suster.

As ons besef hoe seer en hard die geloof na ons mag aankom, Esegïël wat sy vrou verloor omdat God haar dood nodig het, omdat hy in die amp staan, omdat Jerusalem net so vinnig en plotseling sal val, omdat hy God se geregtigheid moet verkondig, omdat hy nie hardop mag huil nie.... Hoe nodig soos wat God die dood van Esegïël se vrou gehad het, soveel te meer het God die dood van sy eie Seun nodig gehad.

Agter alles wat gebeur is daar altyd 'n OMDAT, wanneer ons dit eers besef, dat agter alles is daar werklik 'n OMDAT, dan besef ons agter God se geregtigheid en agter haar dood en agter haar man se traanlose smart, daaragter staan Jesus Christus. Hy wat die groot OMDAT in ons lewe moes kom word! Omdat die geregtigheid van God eis dat vir die sonde betaal moes word, daarom het Hy gesterf, maar nog vóór dit, OMDAT daar sonde was, kon Hy alleen betaal, OMDAT Hy die enigste Sondelose was, OMDAT God sy dood nodig gehad het, daarom is Hy gestuur, om te ly en te sterwe, OMDAT die dood aan die kruis deur God vervloek is, het Hy die vloek op Hom geneem en die vloek dóód gesterf, OMDAT Hy Profeet, Priester en Koning was, ja Hy wat in die amp na ons gekom het, in sy mens en in sy amp, het Hy betaal, ja OMDAT Hy die lus van God se oë in alles was, het God Hom gekies om die laaste prys te betaal, die volle prys, die hele som.

Hy wat wel geweene het, maar aan die kruis weene Hy nie. Daar het Esegïël profeties al na Hom sou heenwys, die traanlose wewenaar, dat Esegïël ander mense vir sy vrou se dood kon verwyte, dit doen hy nie en Esegïël sou homself en sy amp kon verwyte, dit doen hy nie... So baie en so maklik is daar altyd die voortdurende verwyte, maar Jesus weene nie en Hy verwyte nie. Sy eerste kruiswoord is alreeds totaal en al van alle verwyte gestroop- *Vader vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen dit nie...* Esegïël sou moes heenwys na wat Christus in alles sou moes terugwys. Tot op die punt waar Christus alles volbring het en Christus sy eie dood ook vooruit sou moes aankondig, het Esegïël sy vrou se dood vooruit geweet. Ja,

Pretoria- 27 Maart 2011

broeder en suster, hier is niks in hierdie hoofstuk rondom Esegïel en sy vrou wat nie na Christus en sy vrou, ja na Christus en sy kerk ook heenwys nie.

Dit bring ons dan by die laaste gedagte, van hoe Esegïel -

Uit haar dood 'n verkondiger moes wees:

As God die lus van Esegïel se oog wegneem, dan dui dit alles op hoe die lus van God se oë weggeneem sou word. Sy heilige tempel, dit wat die kerk in Jerusalem moes wees. Eesgiel sou daardie nag by die liggaam van sy gestorwe vrou moes deurbring en die môre sou hy nie kon maak soos die Oosterlinge gewoond was om by die dood van geliefdes te maak nie. Daar is gewoonlik baie emosie opgesluit, buiten dat daar gewoonlik 'n koor van vroue was dat aanmekaar geweene het, het 'n man dan sy hoof moes ontbloot, selfs het mans by die Oosterse begrafnis hulle skoene/sandale uitgetrek, kaalvoet is daar na die graf gestap en gewoonlik het hulle 'n doek voor die mond moes hou, maar al hierdie dinge moes Esegïel anders doen, sy hoof moet bedek wees en sy mond oop wees, daar moet skoene aan sy voete wees, so bereid moet hy wees om die evangelie te verkondig. Ja, u het reg gehoor, dit gaan altyd vir God om die verkondiging van sy evangelie. Die verkondiging van 'n goeie boodskap al sal ons die goeie nie dadelik kan begryp nie. Al gaan dit hoe sleg moes die natuurlike nog steeds aan die geestelike ondergeskik wees. Al beswyk my vlees en my hart en wil ek in trane uitbars, moet ek soos Habakuk kan bly staan by die NOGTANS van die geloof.

Daar waar oor Christus se lewe so baie geskryf staan, OMDAT, moet ons vanuit daardie omdat, oor ons geloof kan skryf NOGTANS. Oor elke aspek van ons geloof, ja oor elke aspek van jou lewe, is dit 'n geval dat die kind van die Here moet kan uitroep- NOGTANS! *Alhoewel die vyeboom nie sal bloei nie en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie- nogtans sal ek jubel in die HERE, ek sal juig in die God van my heil...* Saam met Habakuk sou Esegïel langs sy vrou se dooie liggaam moes kon sê – NOGTANS- God is my rots en my deel tot in ewigheid. Die vlees moet onder die Gees kan kom, die natuur staan onder die amp, daar waar alles onder die Gees van God moet kom staan, al skree my vlees daarteen!

Pretoria- 27 Maart 2011

Uit die dood van sy vrou moes Esegïël vir Ragel en vir Jeremia sê hou op om te wil huil. Stop julle dolering! Ragel wat ons weet geweier het om getroos te word, sy sterf as haar “Ben”, as haar seun gebore word, sy wil hom dan ook Benoni noem- seun van my smarte, maar die gehuil moet stop- hy moet word- Benjamin- seun van regterhand! In Jeremia dan is Ragel- die trane-moeder- in die gedagtes van die trane-profeet Jeremia weer opgevang. Jer.31:15- *'n Stem word gehoor in Rama, geklaag, bitter geweene...* Jeremia, Esegïël se tydgenoot beleef al hierdie dinge en daar word oor die ballingskap baie trane gestort, maar dit moet end kry. Jer. 31:16- *Bedwing jou stem van geweene en jou oë van trane; want daar is loon vir jou arbeid...* Esegïël sou langs sy gestorwe vrou moes staan en moet nie wil huil nie.

Broeder en suster, watter verkondiging as ons besef die volk wat na Esegïël sou kyk, hy wat so hartseer moes wees, maar hy sou sy oë droog hou. Te midde van alles moet ons weet hoe die Here werk. Hy wat uit droë grond, uit die droë stomp van Isai, sonder vog en sonder trane, lewe wek. God wat juis nie langs die weg van die natuurlike ons lewe inkom nie, van nature is ons nie in staat om Hom te ontvang nie, (van nature sou Esegïël baie wou huil en hard wou huil) maar die manier hoe God by ons kom is juis die bo-natuurlike, die bo-menslike, geen mens kon Jesus verwek nie, van God het Hy gekom, deur 'n wonder, tog kom Hy ook langs die organiese, in elke vesel van sy bestaan is Hy uit 'n vrou gebore.

Wat Esegïël met sy droë oë die Here se kinders wou vertel, die kerk moet vandag dieselfde boodskap hoor, hou droog julle oë, want, by elke begrafnis moet ek eintlik kan sê dis Kersfees, deur die ballingskap moet ek kan sê dit is God se vernuwende werk, deur ons eie stryd in die GKSA moet ons kan uitroep, dis goed so, God maak die gordyne oop, want Jeremia en Esegïël beide van hulle sou dit kon uitroep, al staan Esegïël langs die liggaam van sy vrou waarvan die lewe uit haar uitgehaal is, dat as hierdie dinge verby is, dan staan ons reeds in die nuwe, daar was reeds vir hulle sprake gewees van 'n nuwe verbond- Jer.31:31- *Kyk daar kom dae, spreek die Here, dat ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit...* Die nuwe verbond sou na die ballingskap al in beginsel kon begin, dadelik sou dit kon, want die nuwe sou al voel-voel aan die krip van Bethlehem kon raak, dit sou al kon voortgryp na die berg by Golgota. En vandag as ons vanuit dieselfde nuwe verbond Esegïël se droë oë aanskou, moet ons uitroep hoe gelukkig die wewenaar wie se oë droog kon bly, want in hom sien ons die God wat sy werk deur niks laat keer nie.

AMEN